

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

WEEKLIKSE VERSLAG: 3-7 November 2008

Tabel 1: Kern Markaanwysers

	Week geëindig 31 Okt 2008	Beweging vir die week	Verwagtings vir die komende week
ALSI	20992	2533(+13.7%)	Toename
Nywerheidsindeks	20446	2490 (+13.9%)	Toename
Goudindeks	1689	268 (+18.9%)	Toename
Finansiële Indeks	15451	1479 (+10.6%)	Toename
Rand/\$	R9.72/\$	R1.27 (+11.56%)	R9.00-9.80/\$
Goudprys	R722	R9 (+1.3%)	\$7.20- \$7.70
Dow Jones	9325	946 (+11.3%)	Toename
Nikkei	8576	927 (+12.1%)	Toename
FTSE-100	4377	494 (+12.7%)	Toename
Hang Seng	13968	1350 (+10.7%)	Toename
SA Eiendomsindeks	271	+21 (+8.40%)	Toename
R157	9.09%	-53 (-0.53%)	Afname

Die herstel van aandelepryse regoor die wêreld het verlede Maandag begin na die skynbare onbelangrike aankondiging dat nuwe huisverkope in die VSA met 4000 tot 464 000 gedurende September 2008 gestyg het. Dit was baie meer as die verwagte hoeveelheid van 450 000. Dit het onmiddellik vertroue in die VSA ekonomie teruggeplaas. Aandelepryse het in reaksie vinnig wêreldwyd begin styg. Dit was gevolg deur die aankondiging deur verskeie lande dat hulle hul sleutel rentekoerse sal verlaag. Die VSA het die voorbeeld gevolg en die diskontokoerse verlede Woensdag met 50 basispunte verlaag. Tesame met die nuus verlede Vrydag dat die VSA ekonomie 'n positiewe groeikoers van 0.2% gedurende die derde kwartaal van 2008 aangeteken het, teenoor die verwagte resessiekoers van -0.5% wat voorspel is, het dit aandelepryse verder ondersteun. Die hoof wêreldindekse het winste van naby 10.0% of meer aangeteken, met die Dow Jones (+11.3%) en FTSE100 (+12.2%) wat die week sterk opwaarts beweeg het.

Plaaslik het die herstel van die internasionale finansiële markte tot 'n terugkeer van buitelandse portefeulje beleggers na die JSE en effektemarkte bygedra. Die nuus van die laer as verwagte inflasie-X koers van 13.0% gedurende September (vanaf die 13.6% in Augustus) het ook bygedra tot die skerp herstel in die aandele- (+13.7%), effekte (+13.9%) en genoteerde eiendomsmarkte (+8.4%). Met kommoditeitspryse soos goud en platinum wat ook begin herstel, asook die skerp daling van die rand met meer as 11% (om die week teen laer as R10.00/\$ te eindig), is vooruitsigte vir verdere herstel hierdie week hoogs waarskynlik.

Verdere positiewe nuus verlede week dat beide die groei in die M3 geldvoorraad (vanaf 15.4% tot 15.6%) en veral privaat kredietverlening deur die banke tot 16.4% (vanaf 18.9%)



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 1 van 3


Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

gedurende September gedaal het, asook die skerp daling in produksie-inflasie vanaf 19.1% in Augustus tot 16.0% in September het vooruitsigte van enige verdere rentekoersverhogings laat verdwyn het en wek verwagtings dat rentekoersverlagings vroeër kan plaasvind. Die verdere nuus van die 45 sent verlaging in die petrolprys hierdie Woensdag, met die moontlikheid van verdere sterk dalings in komende maande, het die ekonomiese vooruitsigte aansienlik laat verander.

Figuur 1: Is dit die begin van die herstel op die JSE?



Weens 'n tekort aan nuwe ekonomiese data vrystellings vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, sal daar hierdie week gefokus word op die vrystelling van die VSA aanbodkantdata, naamlik nuwe werkloosheidseise en nie-landbou loonsyfers vir Oktober. Die onverwagse styging in die nie-landbou loonsyfer van 102 000 in Julie tot 'n skokkende 160 000 in September was een van die redes hoekom die Dow Jones verlede maand vinnig vanaf 10 500 tot minder as 9500 beweeg het. Dit word verwag dat hierdie syfer gedurende Oktober selfs verder tot 172 000 gestyg het. Die vrystelling van die werkloosheidskoers vir Oktober sal ook belangrik wees. Die werkloosheidskoers het vinnig tot 6.1% in September gestyg, die hoogste oor die afgelope 20 jaar. Die ander aanbodfaktore wat ook van belang sal wees, is die fabriekbestellings, vragmotorverkope en gemiddelde werksweek. Indien hierdie data op 'n verbetering dui, sal dit beteken dat die produksiekant van die VSA besig is om te herstel. Op die vraagkant sal verbruikerskrediet, motorverkope en verwagte huisverkope aandui of VSA verbruikersvertroue verbeter het. Daarom sal markte in die VSA en dus wêreldwyd die res van die week senuweeagtig bly. Indien beleggers weer hierdie week na die ontwikkelde markte terugkeer, sal kommoditeitspryse matig verhoog. In hierdie opsig, sal portefeulje



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 2 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.

Ekonomiese en Markanalise

weeklikse verslag

beweging na Suid-Afrika die rand verder versterk. Dus verwag ons dat hoewel volatiel, aandelepryse weer hierdie week verder sal herstel.

Tabel 2: Vrystellingskediule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week

Datum	Land	Aanwyser	Periode	Mark verwag	Vorige
Nov 3	VSA	Konstruksiebesteding	Sep	-0.8%	0.0%
Nov 3	VSA	ISM Indeks	Okt	42.0	43.5
Nov 4	VSA	Motorverkope	Okt	4.0M	4.3M
Nov 4	VSA	Vragmotorverkope	Okt	5.0M	5.3M
Nov 4	VSA	Fabrieksbestellings	Sep	-1.5%	-4.0%
Nov 5	VSA	ADP Indiensname	Okt	-80K	-8K
Nov 5	VSA	ISM Dienste	Okt	48.5	50.2
Nov 5	VSA	Ru-Olie Voorrade	11/01	NVT	NVT
Nov 6	VSA	Nuwe Werkloosheidseise	11/01	NVT	NVT
Nov 6	VSA	Produktiwiteit-Voorlopig	KW3	1.0%	4.3%
Nov 7	VSA	Gemiddelde Werksweek	Okt	NVT	33.6
Nov 7	VSA	Verdienste per Uur	Okt	NVT	0.2%
Nov 7	VSA	Nie-Landbou Loonsyfers	Okt	-172K	-159K
Nov 7	VSA	Werkloosheidskoers	Okt	6,4%	6.1%
Nov 7	VSA	Verwagte Huisverkope	Sep	-	7.4%
Nov 7	VSA	Groothandel Voorrade	Sep	NVT	0.8%
Nov 7	VSA	Verbruikerskrediet	Sep	NVT	-\$7.9B

Prof Chris Harmse 3 November 2008

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.



Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za

Bladsy 3 van 3

Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouing en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortvloeiende uit of met betrekking tot die vertroue wat u plaas of geplaas het op die inhoud van hierdie dokument, van watter aard ookal nie.